higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

18 Februarie 2025 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

056Q1S2518

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 Lugvervoer is van hawens afhanklik om vervoer te vergemaklik.

1.2 Antibiotikum en entstowwe vereis spesifieke temperatuurbeheerde verkoeling terwyl dit vervoer word.

1.3 'n Vurkhyser word gebruik om passasiers te vervoer.

1.4 Die voorsieningskanaal berus op die verkoop, koop en verspreiding van goedere aan klante.

1.5 Wanneer 'n moeilike klant hanteer of bedien word, moet jy harder as die klant skree en selfs weier om die klant te bedien.

1.6 Staal wat in die vervaardiging van kommersiële voertuie, spoorwegwaens en skepe gebruik word, kan herwin word.

1.7 Kusverskeping gebruik skepe wat tussen die belangrikste hawens van 'n land bedryf word.

1.8 Die nabyheid aan hawens en snelweë is een van die sleutelelemente wat oorweeg moet word wanneer die ligging van 'n pakhuis oorweeg word.

1.9 Padvervoer word onderverdeel in mensgedrewe voertuie, motorgedrewe voertuie en treine.

1.10 Die verkrygingsproses mag die voorbereiding en verwerking van 'n bestelling as die eindpunt en goedkeuring van betalings insluit.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Definieer die volgende begrippe wat hoofsaaklik in die vervoer- en logistiekbedryf gebruik word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK.

2.1 Oomblik van waarheid

2.2 Herwinning

2.3 Tussenmodaliteit

2.4 Korrosie

2.5 Vraagvooruitskatting

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Deere & Company (handelsmerk, John Deere) is bekend vir die vervaardiging en voorsiening van masjinerie wat in landbou, konstruksie en bosbou, vir dieselenjins en toerusting vir die versorging van grasperke gebruik word. In 2014, is Deere & Company 80ste in die Fortune 500, Amerika se ranglys, gelys, en was 307de op die 2013 Fortune Global 500-ranglys.

Deere & Company beskik oor 'n omvattende produkreeks, wat 'n mengsel van swaar masjinerie vir die klantemark, en industriële toerusting wat op bestelling vervaardig word, insluit. Kleinhandel-aktiwiteit is uiters seisoenaal, met die meeste verkope wat tussen Maart en Julie plaasvind.

Die maatskappy vul handelaars se voorraad weekliks aan deur direkte verskeping en kruiskoppelingsbedrywighede vanaf die bronpakhuise wat naby Deere & Company se vervaardigingsfasiliteite geleë is, te gebruik. Omdat hierdie proses te stadig was, het die maatskappy 'n inisiatief van stapel laat loop om die koste van die voorsieningskanaal binne vier jaar met 10% te verminder. Deere & Company het ook begin om vragte te konsolideer en tydens die seisoenale spits terminale te gebruik waar groot besendings verdeel word. Die maatskappy het ook begin om derdeparty-logistiekverskafffers te gebruik en het 'n netwerk gevestig wat op enige tydstip takties verbeter kon word.

Die prestasie met betrekking tot die bestuur van Deere & Company se voorsieningskanaal het 'n vermindering van $1 miljard, 'n aansienlike vermindering in lewertyd en 'n vermindering in jaarlikse vervoerkoste van ongeveer 5% tot gevolg gehad.

[Bron: *www.researchgate.net*]

3.1 Volgens die scenario gebruik Deere & Company direkte verskeping en kruiskoppelingsbedrywighede vanaf bronpakhuise wat naby geleë is.

Beskryf VIER moontlike gevolge van die keuse van 'n verkeerde terrein. (4 × 2) (8)

3.2 Bespreek DRIE brokkies inligting wat as deel van hanteringstekens ('handling marks') gebruik mag word. (3 × 2) (6)

3.3 Omskryf TWEE reëls wat gevolg moet word om 'n veilige werksomgewing te verseker. (2 × 2) (4)

3.4 Beskryf VYF stadia van die tenderproses. (5 × 2) (10)

3.5 Deere & Company het lewertyd aan klante aansienlik verkort.

Definieer DRIE komponente van klantediens. (3 × 2) (6)

3.6 Die scenario toon dat Deere & Company swaar masjinerie en industriële toerusting verskaf wat op bestelling vervaardig mag word.

3.6.1 Watter vervoermodus is geskik vir binnelandse vervoer van toerusting en masjinerie sonder die nodigheid van intermodaliteit? (1)

3.6.2 Gee DRIE eienskappe van die modus waarna daar in VRAAG 3.5.1 verwys word. (3 × 2) (6)

3.6.3 Watter spesifieke voertuig sal gebruik word om swaar masjinerie te vervoer? (1)

[42]

VRAAG 4

4.1 Bespreek VYF brokkies inligting wat op 'n vragbrief moet verskyn. (5 × 2) (10)

4.2 Volgens die scenario gebruik Deere & Company direkte verskeping vanaf bronpakhuise. Daar is aangedui dat hierdie proses te duur en te stadig was.

Noem VYF uitdagings van pakhuisbestuur. (5)

4.3 Volgens die scenario het Deere & Company handelaars se voorraad op 'n weeklikse grondslag aangevul.

Noem DRIE doelwitte van voorraadbeheer. (3)

4.4 Noem VYF boublokke ('pillars') van verkryging waarna Deere & Company kan verwys wanneer hulle grondstof aankoop. (5)

4.5 Noem DRIE wette wat verpakking, etikettering en werksareas reguleer. (3)

[26]

VRAAG 5

5.1 Wanneer groot masjinerie deur Deere & Company vervaardig word, bly groot hoeveelhede afvalmetaal agter.

5.1.1 Beskryf VYF herwinnings- en afvalwegdoenmetodes wat Deere & Company kan gebruik om van hul afval ontslae te raak. (5 × 2) (10)

5.1.2 Verduidelik die term, *gevaarlike afval*. (2)

5.2 Bespreek die nagevolge van onbehoorlike voorraadbeheer. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.3 Illustreer VIER dokumente wat vir voorraadbeheer gebruik word. (4)

5.4 Noem VIER opsies vir bestelkwitansies ('order receipt options'). (4)

5.5 Beskryf VYF aspekte wat oorweeg moet word wanneer klagtes van klante hanteer word.

(5 × 2) (10)
[40]

☆

VRAAG 6

6.1 Noem DRIE blok- en vulmateriale. (3)

6.2 Beskryf VIER veiligheidsmaatreëls vir die hantering van materiaal. (4 × 2) (8)

6.3 Noem VYF betalingsopsies. (5)

6.4 Noem en verduidelik TWEE administratiewe prosesse om bates en goedere aan te koop. (2 × 2) (4)

6.5 Noem TWEE tipes voorraad. (2)
[22]

☆

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou